KIES 'n NEUS

Te krom? Te skeef? Te haaks? Te wip? Kosmetiese neusoperasies is nie meer net vir rolprentsterre nie. Dis deesdae byna so maklik as om 'n tand te laat stop – jy kies bloot vir jou 'n nuwe neus van 'n rekenaarskerm af.

DEUR **MARTIE SWANEPOEL**, senior diepteversiaggewer by Beeld

die lig is skerp in jou oë. Die digitale kamera se lens vang ongenadiglik elke vlekkie op jou vel vas. Ook die onegalige oogomlyner ... en die neus wat jy van ouma Nel geërf het.

Die digitale beeld verskyn op 'n groot rekenaarskerm voor jou – van Daardie Neus, wat elke skoolfoto, jou troufoto's en elke *happy snappy* van die familie "oorheers" het. Jy sien dit nou baie duidelik: Daardie Neus steel ook die fokus van die beeld op die skerm, 'n pynlik eerlike skerm. Jy verwens weer vir ouma Nel.

Die dokter bekyk jou neus goed, druk 'n paar knoppies op die rekenaar, begin met 'n koordlose rekenaarmuis vir jou 'n nuwe neus op 'n kunsteël *(art pad)* langs die rekenaar teken, en die rekenaar doen die res – jou nuwe neus verskyn op die skerm.

Sommer sy eerste keuse lyk al beter as die Nel-neus, en die tweede keuse is nog beter ...

Dis nou die tyd om 'n *nose job* te laat doen.

Martie Henning, 'n kliniese mediese navorser van Pretoria, het haar wipneus van laerskooldae af gehaat.

"Myne was nie 'n *cute* wipneus nie. Buitendien lyk 'n wipneus *cute* aan 'n kleuter en nie aan 'n volwasse vrou nie. Ek het mettertyd 'n erge obsessie oor my neus ontwikkel. Mense het my verseker 'dit lyk nie so sleg nie', maar ek het geweet dit raak my selfvertroue negatief.

"Ek het te lank toegelaat dat dit my persoonlikheid benadeel. Ek onthou hoe ek op skool altyd met my hand aan die kant van my gesig gesit het sodat seuns van wie ek gehou het nie my lelike profiel moes raaksien nie."

Haar onderkaak, wat verby haar bokaak gesteek het, is reeds op skool reggemaak omdat dit ortodontiese probleme geskep het. Met haar nuwe neus is haar profiel nou vir die eerste keer in die regte verhouding.

Die eerste foto van haar met haar nuwe neus het haar in ongeloof laat staar: "Ek kon nie glo ek kan so mooi lyk nie. Dis steeds vir my ongelooflik as 'n mansvriend vir my sê ek is mooi. Ek het soveel jare met hierdie onaantreklike beeld van myself saamgeleef dat dit nog 'n ruk gaan neem om gewoond te raak aan die nuwe een.

"Vir my was die R12 000 nie baie om te betaal vir 'n nuwe neus nie. Ander mense gee dit aan oorsese reise uit. Ek het dit betaal vir my nuwe lewe."

Baie jare lank het daar 'n stigma aan kosmetiese neusoperasies gekleef. Baie mense het gemeen dis ydel om aan jou neus te laat verander – net rolprentsterre doen dit.

En dit was inderdaad so, want sedert kosmetiese neusoperasies ná die Tweede Wêreldoorlog, en veral na die jare vyftig, in aanvraag gekom het, was dit baie duur. Net die skatrykes en rolprentsterre kon dit bekostig.

Dis eers die afgelope twee dekades dat nuwe tegnologie dit vir Jan en Alleman bekostigbaar gemaak het.

Vandag is daar wêreldwyd byna 'n ontploffing in die vraag na kosmetiese neusoperasies en dit gaan binne enkele jare 'n algemene operasie word, reken dr. Pieter Swanepoel, neuschirurg van Pretoria.

"Die tegnologie het so wonderlik ontwikkel dat dit byna minder ingrypend is as om 'n tand te laat stop."

Sy pasiënte kom nie net van oral oor die land heen nie, maar ook van Amerika, Europa en Brittanje.

"Suid-Afrika is op dié gebied 'n wêreldvoorloper."

Hy wens prof. Chris Barnard het eerder na hom gekom vir die rekonstruksie van sy neus, en ook dat hy Michael Jackson se neus van nader kan bekyk.

Neusoperasies gaan eintlik tot drieduisend jaar terug. Vyande het mekaar met die swaard aangedurf en dikwels het 'n neus in die slag gebly. Die geneeshere van daardie dae het dan die kopvel na benede gerek om die onooglike gat toe te maak. Die ontwikkeling van rekonstruktiewe en kosmetiese neusoperasies het 'n lang, pynlike en bloederige geskiedenis gevolg tot die betreklik ligte operasies wat dit vandag is.

Vandag word drie soorte neusoperasies gedoen: funk- >

< sioneel (waar die neus skeef en vervorm is en lugvloei belemmmer), rekonstruktief (as die neus weens die trauma van 'n ongeluk misvorm is) en kosmeties (wanneer die pasiënt ontevrede is met die voorkoms van sy of haar neus). Dit word onder plaaslike narkose gedoen en die pasiënt kan dieselfde dag nog huis toe gaan en haar normale verpligtinge binne twee dae hervat.

In die verlede was dit 'n ingrypende operasie wat algemene narkose en hospitalisasie geverg het. Dit het dit geweldig duur gemaak, sê dr. Swanepoel.

Die plaaslike verdowing, ook genoem "onderbewussyn-slaapnarkose", wat deur 'n spesialis-narkotiseur toegedien word, laat die pasiënt ontspanne voel. Sy ervaar geen pyn nie en is nie bewus van hoe lank die operasie werklik duur nie. Sy is vaagweg bewus van wat om haar aangaan, maar ervaar dit nie traumaties nie.

Dr. Swanepoel sê die swelling en kneusing is deesdae baie min. Die meeste swelling en blouheid is na tien dae heeltemal weg.

Die hele proses is ook maklik en eenvoudig: die pasiënt maak 'n afspraak, haar neus word binne en buite ondersoek, digitale foto's word geneem en op 'n rekenaarskerm wys die dokter waar jou neus se konstruksiefoute en jou profielfoute lê. Hy wys ook watter korreksies hy voorstel en kan jou binne millimeter-afmetings presies wys hoe jou nuwe neus gaan lyk.

Vroeër is foto's geneem en verbeteringe met 'n pen aangedui.

"Partykeer was dit maar 'n mog-het-troffe-metode en het die pasiënt geen waarborg gehad dat haar neus gaan lyk soos die lyne op die foto nie. Soms moes sy lank sukkel om aan haar nuwe voorkoms gewoond te raak.

"Nou kan sy presies sien hoe sy na die tyd gaan lyk."

Die veranderinge aan die neus word deeglik op die rekenaarskerm bespreek tot die pasiënt heeltemal tevrede is met haar voorkoms.

"Die korrekte analise en diagnose is baie belangrik," sê dr. Swanepoel. "Jy werk met iemand se neus, wat 'n integrale rol speel in die vorming van selfbeeld en selfversekering. Jy kan dit nie bekostig om 'n fout te maak nie. Die neus moet 'n estetiese balans van die persoon as geheel vorm. Die breedte en lengte moet in proporsie wees en die breedte van die gesig en die lengte van die mens as geheel moet in verhouding wees. Die profiel moet by die voorkoms en geslag pas.

"Dis vir my belangrik dat die pasiënt persoonlik deel het in die voorafbeplanning van die eindresultaat om enige angs voor die operasie te vermy. Die pasiënt moet vertroue hê in jou."

Beeldhou is dr. Swanepoel se stokperdjie en soms sit hy saans met klei en speel terwyl hy aan 'n pasiënt se neus dink. Dan vorm hy die neus in die klei soos hy dit wil sien. Soms "doen" hy 'n operasie tientalle kere op rekenaar en op klei voor hy die pasiënt onder hande neem.

By die operasie word klein insnydings binne die neus en/of buite die neus gemaak. Die kraakbeen van die neus word dan skerpgemaak of korter geknip om die verlangde lengte te kry. Die insnydings word só gemaak dat dit geen sigbare letsels nalaat nie.

Na gelang van die chirurgie (funksioneel, rekonstruktief, kosmeties of soms 'n kombinasie) kan die operasie tussen drie en ses uur duur. Vanweë die onderbewussyn-slaapnarkose voel dit vir die pasiënt heelwat korter.

Die pasiënt moet die dokter die dag na die operasie vir 'n opvolgondersoek spreek, dan weer wanneer die steke uitgehaal moet word en drie, ses en twaalf maande na die operasie om seker te maak alles is wel met die nuwe neus.

'n Vleeskleurige neusspalk word die eerste dae na die operasie gedra om die neus in posisie te hou tot die steke verwyder word. Die pasiënt kry ook raad hoe om haar nuwe neus teen beserings te beskerm.

Twee dekades gelede sou jy dieselfde prys vir 'n nuwe neus as vir 'n kleinerige huis moes betaal. Deesdae kos dit gemiddeld R12 000 vir die operasie en R12 000 vir die hospitaalkoste by in 'n private kliniek. As jy dit by die Nose Clinic in Johannesburg of Pretoria laat doen, kos die hele operasie sowat R12 000.

Siekefondse betaal nie vir kosmetiese neusoperasies nie, maar as die operasie 'n kombinasie van kosmetiese, funksionele en/of rekonstruktiewe chirurgie vereis, sal sommiges 'n persentasie betaal. (Soms sal die koste net betaal word as 'n CAT-skandering toon daar is 'n funksionele inkorting of verswakking in die neus wat mediese ingryping vereis.)

OP 'N REKENAARSKERM SIEN JY WATTER KORREKSIES HY VOORSTEL

Wie sy neus skend ...

Maar wat is dit tog met mense en hul neus? Is daar werklik soveel mense met 'n lelike neus? Is dit ydelheid? Noodsaak?

Dr. Swanepoel sê by funksionele en rekonstruktiewe neuschirurgie is mense se redes voor die hand liggend, hoewel baie jare lank uitstel om selfs ongerief in asemhalingsprobleme te laat regstel.

"Dit gaan nie altyd om ydelheid nie. Sowat 40% van my pasiënte is mans en by baie van hulle is rekonstruksie nodig weens kontaksport en ongelukke. 'n Groot persentasie van die operasies wat ek doen, is korreksies van vorige neusoperasies.

"Ja, daar is meer vroue wat nie van hul neus hou nie, maar hoekom moet 'n mens met so 'n neus saamleef as kosmetiese neusoperasies deesdae binne jou bereik is?"

Die neus is die fokuspunt van die gesig. As die neus 'n defek het, sal mense daarop fokus, sê hy.

Daar is hope studies wat toon dat mense meestal op voorkoms geoordeel word, ongeag hul persoonlikheid. Van die studies in die vroeë jare sestig in Amerika het getoon mense wêreldwyd het 'n gesamentlike oordeel van wat aantreklik is, ongeag ras, nasionaliteit en ouderdom. Selfs toetse met babas het gewys hulle kan onderskei tussen foto's van aantreklike en onaantreklike mense.

By min van sy pasiënte gaan dit werklik net om ydelheid, sê dr. Swanepoel. Daar is 'n groot groep wie se lewe soos handomkeer verander het ná die operasie. Vir baie het dit nuwe deure na 'n nuwe lewe geopen.

Mense soos Lisa van Heerden (25), 'n sportiewe rekenmeester van Pretoria, wat haar neus drie keer by aksiekrieket gebreek het. Sy het 'n kombinasie van 'n funksionele en kosmetiese operasie gehad en sê sy sal dit vir enigiemand aan-

Sanet Delport van Johannesburg. Die foto's links wys haar neus voor die operasie. Die middelste foto's is die beelde soos op die rekenaarskerm geskep en regs is Sanet afgeneem drie maande na die operasie.

IS JY REG DAARVOOR?

Die verandering van die voorkoms van jou neus is 'n groot stap en dis belangrik dat die pasiënt en chirurg die saak vooraf deeglik bespreek, sê dr. John Cook, president van die Assosiasie vir Plastiese en Rekonstruktiewe Chirurge van Suid-Afrika.

Hy waarsku dat die dokter veral by tieners moet seker maak dat ontevredenheid oor 'n neus nie net 'n "fase" is nie. Die dokter moet eerlik genoeg wees om aan die pasiënt te sê wanneer die operasie na sy mening nie nodig is nie.

Operasies word eers van negentienjarige ouderdom aanbeveel wanneer die neus klaar gegroei het. As die operasie vroeër gedoen word, kan sensitiewe groeipunte beskadig word, sê hy.

Mense wat as volwassenes besluit hulle het nou lank genoeg met 'n onooglike neus saamgeleef, is na sy mening die beste kandidate.

Die beste manier om te sorg dat die operasie nie verkeerde resultate oplewer nie, is om seker te maak jy beland by die regte chirurg.

"Voor 'n pasiënt 'n neusoperasie laat doen, is dit uiters raadsaam om by die assosiasie aan te klop vir 'n verwysing na 'n chirurg wat sy werk ken. Vra ook verwysings van vorige pasiënte en om te kyk na werklike foto's van die eindproduk van werklike pasiënte."

HULPNOMMERS

- **The Nose Clinic: Pretoria (012) 807-1147; Rosebank (011) 442-5711**
- **Die Assosiasie vir Plastiese en Rekonstruktiewe Chirurge van Suid-Afrika, dr. Tom Ford, tel. (011) 706 5194**
- **Lees meer oor nuwe neuse by www.newnose.co.za**

beveel.

"Ek is klein en fyn gebou en my breë neus het my van kleins af gepla. Ek sou seker nie aan my neus laat werk het as dit nie was vir die beserings nie, maar ek is nou in my skik dat ek dit laat doen het.

"My neusbrug is nou heelwat dunner en my neus het die oulikste puntjie wat dit nooit voorheen gehad het nie. Dis absoluut wonderlik!"

Sanet Delport van Johannesburg het ook so 'n wegwensneus gehad. Vandat sy kon onthou, was haar effense haakneus vir haar 'n steen des aanstoots. Sy het altyd weggekoes as iemand 'n foto van haar wou neem.

Tot sy die dag besluit het sy het nou lank genoeg saam met die haakneus geleef. Dit was drie jaar gelede.

Met die operasie het dr. Swanepoel haar krom neus reguit gemaak (rinoplastie) en haar profiel gebalanseer deur haar ken effe uit te bou (mentoplastie).

Dit het haar hele leefwyse, uitkyk op die lewe en mense se houding teenoor haar verander, sê sy.

"Dit het my sterk en positief laat voel en my selfvertroue 'n reuse-hupstoot gegee."

Vir haar, soos vir baie ander, was die verandering veel dieper as net veldiep. ■

FOTO'S OP BL.55: SYGMA, ALPHA